NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 100 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n Addendum van 10 bladsye (i – x). Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.

2. In hierdie vraestel is daar drie afdelings:

   AFDELING A: Begrip, Taal en Styl
   AFDELING B: Poësie
   AFDELING C: Visuele Geletterdheid

3. Beantwoord AL die vrae in Afdeling A.

4. In Afdeling B is daar een keusevraag, nl. Vraag 5 of 6. Beantwoord dus drie vrae in hierdie afdeling: Vraag 4 (verpligtend), Vraag 5 of 6 (kies een) en Vraag 7 (verpligtend).

5. Jou antwoorde moet presies soos die vrae genommer wees.

6. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy. Rofwerk moet duidelik aangedui word.

7. Laat asseblief 'n reël oop tussen antwoorde en bly binne die regterkantse kantlyn.

8. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig deur en voer die opdragte presies daarvolgens uit. Let veral op die puntetoekenning by elkeen van die vrae as riglyn vir die antwoord se lengte.

9. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.

10. Goeie taalversorging sal in jou guns tel.

---

IEB Copyright © 2015

## AFDELING A BEGRIP, TAAL EN STYL

## VRAAG 1 BEGRIPSLEES, TAAL EN STYL

Lees "Taalversorging is sexy" (**Teks 1** in die Addendum) aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

1.1 Lees weer die **titel** van die rubriek en die onderstaande stelling.

> Persone wat die taalversorging van 'n teks doen, word taalversorgers genoem, ook soms proeflesers of redigeerders of teksredakteurs.

1.1.1 Waarom, dink jy, sluit die woord "Taalversorging" (eerder as ander sinonieme) juis goed by dié konteks aan? Motiveer jou antwoord deur paragraaf 1 in jou **EIE WOORDE** te betrek. (2)

1.1.2 Dink jy "sexy" is ook 'n goeie **woordkeuse**? Motiveer jou antwoord deur die teks te betrek. (2)

1.2 Skryf 'n **samestelling** uit paragrawe 6 – 11 neer wat die verbindings-s moet behou – anders sal die skrywer "afgeskeep" voel. (1)

1.3 Gee 'n **sinoniem** vir die woord "kwaai" in paragraaf 3. (1)

1.4 Help vir Gremlin Kollege om hul advertensie te **redigeer** deur die volgende foute in paragraaf 4 reg te stel: "intreevlakspecialis" én "reisbedruif". (1)

1.5 Die Latynse woord "sic" (paragraaf 4) word gebruik om aan te dui dat 'n woord of frase woordeliks – met foute en al – vanuit die bronteks aangehaal is. Verduidelik waarom jy dink "junior bestuurpos" mét hierdie woord verskyn. (2)

1.6 Daar skuil meer as net "dankbaarheid" in die skrywer se houding in paragraaf 5. Gee een woord wat die **toon** van paragraaf 5 vasvang en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.7 Die woord **slet** het gewoonlik 'n negatiewe **konnotasie**. Bespreek hoe die woord "taalslet" in paragraaf 7 moontlik 'n positiewe betekenis kan hê deur die woord binne dié konteks te verklaar. (2)

1.8 Die rubriekskrywer beklemtoon die woord "Tóé" (paragraaf 8).

1.8.1 Benoem die spesifieke **skryfteken** wat hierdie klem bewerkstellig. (1)

1.8.2 Sê hoe die betekenis van die sin beïnvloed word deur die klem juis op hierdie woord te laat val. (1)

IEB Copyright © 2015

1.9 Paragraaf 8 is belaai met **stylfigure** – elk met sy eie funksie of effek. Bespreek enige stylfiguur wat jy daarin raaksien deur dit neer te skryf, te benoem **EN** die effek daarvan in hierdie konteks aan te dui. (3)

1.10 **Breyten** (Breytenbach) is die naam van 'n bekende Afrikaanse digter en ook 'n eienaam.

**Bespreek** die ongewone woordsoortgebruik van die woord "breyten" in paragraaf 9 deur te sê as watter **woordsoort** dit hier gebruik word **EN** kortliks te verduidelik wat die woord nou beteken. (2)

1.11 Brei die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 11 uit met 'n **byvoeglike bepaling/ frase** om só die sin nog meer dramaties te maak. (1)

1.12 Lees "M" se briefie in paragraaf 11. Gebruik nou sý **taal- en/of stylbeginsels** (paragraaf 13 én 15) om Sannie se SMS in paragraaf 6 te **herskryf** en in die proses te verbeter. (3)

1.13 Sê in jou eie woorde waarna verwys "Só" in die **slotsin** van die rubriek. (1)

**[25]**

## VRAAG 2 BEGRIPSLEES, TAAL EN STYL

Lees "Rugby steeds die totempaal waarom die stam dans" (**Teks 2** in die Addendum) noukeurig deur en voer die volgende opdragte uit.

2.1 Kyk noukeurig na die woordeboekuittreksel in vetdruk en sê – behalwe vir die woord se definisie – watter belangrike inligting van die woord "rugby" in die *Etimologiewoordeboek* bekom kan word. Noem **twee** brokkies inligting. (2)

2.2 Die woord "totem" wat in die titel voorkom, het die volgende inskrywing in die *HAT*:

**to'tem (-s)** *(Indiaans)* Dier of plant, of afbeelding daarvan (meestal op 'n paal aangebring), wat by primitiewe volke as 'n beskermgees en mitiese verteenwoordiger, embleem van 'n familie of stam beskou en vereer word.

2.2.1 Skryf die **werkwoord** uit die inskrywing neer wat die beste by die titel van die leesstuk pas. (1)

2.2.2 Word die woord "totempaal" **letterlik** of **figuurlik** in die titel gebruik? Motiveer. (2)

2.3 Verduidelik wat die funksie van die **hakies** in die konteks van paragraaf 3 is. (2)

IEB Copyright © 2015

2.4 Die onderstreepte sin in paragraaf 5 is in die **lydende vorm**.

2.4.1 Herskryf die sin in die **bedrywende vorm**. (1)

2.4.2 Watter **vorm**, dink jy, pas die beste in hierdie konteks – lydend of bedrywend? Motiveer jou antwoord. (2)

2.5 Wat beteken die **idiomatiese uitdrukking** "om iemand op die brandstapel te plaas" soos dit in paragraaf 6 gebruik word? (1)

2.6 Volgens die skrywer is dit 'n "verskriklike jammerte" dat hierdie soort "kultuur" nog nie uitgesterf het nie – paragraaf 7.

Óf die skrywer oordryf óf hierdie "kultuur" is 'n werklikheid. Neem standpunt in deur hierdie "kultuur" **en** jou houding daarteenoor duidelik te bewoord. Betrek die teks **en** 'n tipiese skoolomgewing om jou standpunt te versterk. (3)

2.7 Verbeter die heel **laaste sin** van die teks deur die **woordoortolligheid/pleonasme** uit te skakel. (1)

**[15]**

## VRAAG 3 OPSOMMING

Die bekende literêre webblad, **Litnet**, het jou, as ervare Huistaal-leerder, gevra om aanbevelings te maak oor Afrikaanse romans wat vir skoliere 'n goeie leeservaring sal bied. Die teks getiteld "11-jarige met groot leeslus" (**Teks 3** in die Addendum) dien as jou inspirasie én bron. Lees dit deeglik deur en voer die opdrag en instruksies noukeurig uit.

**OPDRAG:**

**Skryf 'n paragraaf** vir die webblad waarin jy die moontlike **waarde van elke boek** uit die teks in jou eie woorde opsom en só hierdie boeke aanbeveel.

**BELANGRIKE INSTRUKSIES:**

- Jy skryf vir die Skole-kategorie van die webblad – meestal deur opvoedkundiges gelees. Die styl, toon en register van jou opsomming moet dus **formeel en oorredend** wees.
- Jou opsomming mag nie langer as **90 woorde** wees nie. Om binne die woordperk te bly, kan jy die **skrywers** van die boeke **weglaat**. (**Litnet** sal self 'n blokkie met die boektitels en hul skrywers langs jou opsomming plaas.) Onthou ook om op die waarde van elke boek eerder as die storielyn te fokus.
- Ter wille van korrekte styl moet jy die **boektitels** waarna jy verwys, onderstreep.
- Gee aandag aan **samehang** sodat jou paragraaf as 'n vloeiende geheel lees.
- Gee 'n gepaste **opskrif** vir jou opsomming.
- Dui die **akkurate woordtal** onderaan jou opsomming aan. (Onthou: die opskrif tel nie hierby nie terwyl *die* en *'n* wel bygetel word.)
- Korrekte, goeie **taalgebruik** en **volsinne** is vir **Litnet** baie belangrik.

Jou paragraaf word met 'n metingskaal beoordeel. **[10]**

**50 punte**

IEB Copyright © 2015

## AFDELING B POËSIE

## VRAAG 4 VOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

Beantwoord die volgende vrae oor **gedeeltes** uit die gedig "Ballade van die Grysland" (**Teks 4** in die Addendum)

4.1 "Grysland" in die titel word 'n metafoor vir die negatiwiteit van die stad. Haal een goeie voorbeeld uit **Deel I** van die gedig aan waar die stad reeds negatief voorgestel word en verduidelik jou voorbeeld kortliks. (2)

4.2 Daar is definitiewe tydmerkers in **Deel I** van die gedig: "Eers" (r. 7), "Toe" (r. 10) en "Uiteindelik" (r. 19). Bespreek die **progressie** wat hierdeur aangedui word binne die konteks van die gedig. (3)

4.3 Lees weer die laaste reël van **Deel I** en die eerste reël van **Deel III**. Skryf een volsin oor die gebeure wat in **Deel II** afgespeel het. (1)

4.4 Vroeg in **Deel II** vrees die spreker die **rekenmeester** omdat hy "valse syfers neergekrap" het (r. 19). Verduidelik noukeurig hoe die begrip "rekenmeester" se betekenis in **Deel III** (r. 52) verbreed/verander. (2)

4.5 Verduidelik noukeurig waarom dit **ironies** is dat die ek-verteller in **Deel III** "verlangend" na die stad uitkyk binne die konteks van die gedig. (2)

4.6 Verduidelik hoe die opsommende laaste strofe van die gedig (r. 61 – 63) by die foto hieronder sou kon aansluit.



[Google images: <www.cambridgeincolour.com>] (2)

**[12]**

IEB Copyright © 2015 

**(BEANTWOORD VRAAG 5 *OF* VRAAG 6)**

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

Lees die gedig "Sunnyside se gardens" (**Teks 5** in die Addendum) en beantwoord die vrae.

5.1 Hierdie gedig kan as 'n **satire** gesien word. Verduidelik noukeurig waarmee/met wie daar in hierdie gedig gespot word. (2)

5.2 Wie is die **spreker** in hierdie gedig? Wees spesifiek. (1)

5.3 Die **taalgebruik** in hierdie gedig is **kontrasterend**: formele/hoogdrawende taalgebruik vs. informele taal en geselstrant. 'n Moontlike rede hiervoor kan die invloed van die oorspronklike teks wees waarmee hierdie gedig in gesprek is.

5.3.1 Noem die spesifieke **interteks** wat hier ter sprake is. (1)

5.3.2 Haal **TWEE** voorbeelde van kontras t.o.v. taalgebruik uit die gedig aan. (Let wel: een kontrasvoorbeeld het twee kante.) (2)

5.4 Dink jy die **titel** van die gedig is gepas? Motiveer jou antwoord. (2)
**[8]**

**OF**

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG – KEUSEVRAAG

Lees die gedig "Eko ego" (**Teks 6** in die Addendum) en beantwoord die vrae.

6.1 Hierdie gedig kan as 'n **satire** gesien word. Verduidelik noukeurig waarmee/met wie daar in hierdie gedig gespot word. (2)

6.2 Wie is die **spreker** in hierdie gedig? Wees spesifiek. (1)

6.3 Die **taalgebruik** in hierdie gedig is **kontrasterend**: formele/hoogdrawende taalgebruik vs. informele taalgebruik. 'n Moontlike rede hiervoor kan die invloed van die oorspronklike teks wees waarmee hierdie gedig in gesprek is.

6.3.1 Noem die spesifieke **interteks** wat hier ter sprake is. (1)

6.3.2 Haal **TWEE** voorbeelde van die kontras t.o.v. taalgebruik uit die gedig aan. (Let wel: een kontrasvoorbeeld het twee kante.) (2)

6.4 Dink jy die **slotstrofe** van die gedig is gepas? Motiveer jou antwoord. (2)
**[8]**

IEB Copyright © 2015

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG – VERPLIGTE VRAAG

Lees die gedig "Rob" (**Teks 7** in die Addendum) noukeurig deur en beantwoord dan die volgende vrae.

7.1 Waarvan het die rob doodgegaan? Haal uit die gedig aan om jou antwoord te staaf. (2)

7.2 Skryf 'n woord uit **strofe 1** neer wat hierdie robsterfte suggereer/in die vooruitsig stel. Motiveer jou antwoord. (2)

7.3 Die dooie rob word stuk-vir-stuk deur die spreker uitgegrawe. Watter effek het dit op die leser wanneer **verkleinwoorde** gebruik word om van hierdie stukke aan te dui? (Bv. "tandjies", r. 11 en "Vin- en pootbeentjies", r. 14.) (1)

7.4 Regdeur die gedig is alliterasie te bemerk. Bespreek noukeurig hoe die **s-alliterasie** die kontras tussen strofes 5 en 6 versterk. Ondersteun jou bespreking met gepaste voorbeelde uit beide strofes. (3)

7.5 Hierdie gedig tel onder Afrikaans se waardevolle versameling "Groen poësie".

Lees wat sê 'n resensent oor "Groen poësie":

> "Groen poësie besing nie soseer die natuur nie, maar stel eerder die mens se wisselwerking met die omgewing krities aan die orde."
>
> – Hein Viljoen

["Groen gedigte sonder opsmuk", *Beeld*, Maandag, 29 Maart 2004]

**Opdrag:** Met bogenoemde opmerking in gedagte, skryf jou eie **tersine** (soos enige strofe in dié gedig) oor **enige bedreigde dier** in jou omgewing. (2)

**[10]**

**30 punte**

## AFDELING C VISUELE GELETTERDHEID

## VRAAG 8 SPOTPRENT

Bestudeer die spotprent (**Teks 8** in die Addendum) noukeurig en beantwoord die vrae.

8.1 Noem die belangrikste **verskil** tussen skoolboelies van 1984 en dié van 2014. (1)

8.2 Noem een **ooreenkoms** tussen die twee groepe skoolboelies se **houdings**. (1)

8.3 Dink jy een van die twee **slagoffers** het meer skade opgedoen in die geboeliery as die ander een? Motiveer jou antwoord deur die **lyftaal/voorkoms** van die slagoffers volledig te betrek. (3)

8.4 Verduidelik die **dubbelsinnigheid** van die woorde in die spraakborrel deur na die twee selfone in die prent en die groter konteks te verwys. (2)

8.5 Skryf 'n goeie volsin oor die eintlike kommentaar wat deur dié spotprent gelewer word. (1)

**[8]**

IEB Copyright © 2015

## VRAAG 9 ADVERTENSIE

Bestudeer die **1965**-Defy-stoofadvertensie (**Teks 9** in die Addendum) en die **2014-**Defy-stoofadvertensie (**Teks 10** in die Addendum) deeglik en voer die onderstaande opdragte uit.

**TEKS 9** (1965)

9.1 In hierdie advertensie val die klem op die gemak/gerief wat dié **gas**stowe bied. Noem enige twee aspekte wat hierdie stowe geriefliker maak. Gebruik jou eie woorde. (2)

9.2 Wat is die opmerklike **visuele verskil** tussen die Super Twin Gas-stoof en die ander twee stowe? (1)

**TEKS 10** (2014)

9.3 In hierdie advertensie val die klem op die estetika (kortweg die skoonheid) van die stoof. Noem **EEN** aspek uit die **kopieteks** én **EEN** aspek uit die **visuele teks** wat die stoof "mooier" maak. (2)

9.4 Haal 'n woord of frase uit die kopieteks aan wat aandui dat Defy daarop roem dat hul voorlopers is op die gebied van nuwe tendense in stoofontwerp. (1)

9.5 Verduidelik die **verskil in funksie** van die **koppelteken** in die woorde "onderdele- en diensondersteuning" en "lewenstyl-beleggings" soos dit in die kopieteks voorkom. (2)

**TEKS 9 EN 10**

9.6 Defy kom 'n lang pad met die advertering van hul produkte. Vergelyk die 1965-advertensie en die 2014-advertensie en sê hoe Defy se bemarking verander/ verbeter het ten opsigte van:

9.6.1 stereotipering (2)

9.6.2 die metode waarop ekstra inligting bekom kan word. (2)
**[12]**

**20 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2015